DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

**Eredienste begin 09:30**

**12 Februarie 2023**

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Johannes 3: 1 - 16 (2020 - vertaling) |
| **Tema** | Is jy ‘n dag - of nagdissipel van Jesus? |
| **Sang** | Lied 184: 1, 3, 4<br>Psalm 25: 2, 5<br>Psalm 38: 1, 17<br>Skrifberyming 8-1: 1, 2<br>Psalm 145: 3, 10, 12 |

Nikodemus, ’n Fariseër, is bang om in Jesus se geselskap gesien te word, hy kom kuier skelm in die nag. Jesus weet Nikodemus is nog nie in die Koninkryk, of anders gesê, wedergebore nie. Nikodemus neem “wedergebore” fisies op en dink dat ‘n mens opnuut weer gebore moet word. Jesus leer dat wedergeboorte nie jou fisiese voorkoms verander nie, maar dat dit ’n hartgrondige verandering is.

Wedergeboorte is ’n herskepping van ons diepste binnekant en die verandering kom van bo, uit die hemel. Wedergeboorte is die werk van God die Heilige Gees in ons. Hy alleen skep nuwe lewe in dooie harte.

Die Vader is die bron van ons geloofslewe en Christus bedien die ware lewe deur mens te word. Die geboorte, lyde, sterwe en opstanding van Jesus maak die inwendige verandering moontlik.

Daarom verwys Jesus na die koperslang in die tyd van Moses. Om van die giftige slangbyt genees te word, moes mense opkyk na die slang. Om geestelik dooie mense lewend te maak, moes Jesus gehang word aan die kruis. Deur sy opstanding is Hy die Gewer van genesende nuwe lewe. Die Heilige Gees pas die nuwe lewe individueel toe op geestelike dooies. Sy werk van wedergeboorte kan ons nie deurgrond nie. Soos ons nie weet vanwaar en waarheen die wind waai nie, maar dat dit waai, so is die geheimnisvolle werk van die Gees. Hy skep nuwe harte, nuwe verhoudinge, nuwe inspirasie.

Ons sien dit in Nikodemus se lewe. Hy tree deur die werk van die Heilige Gees in Johannes 7 as verdediger van Jesus na vore tydens ‘n vergadering van die Sanhedrin. Maar in Johannes 19 gaan hy as dagdisspel en vra Jesus se liggaam by die Romeine. Nou is alles in die openbaar. Hy is oortuig dat Jesus die Here is.

Is jy oortuig en gereed om uit te gaan? Hoe lyk jou lewenspad?

# OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir Theyman Jongbloed wat Donderdag geopereer is. Ons is dankbaar saam met sy familie dat die operasie goed afgeloop het. Seënwense vir jou spoedige herstel.
* Ons is dankbaar saam met Hester vd Merwe dat haar oogoperasie baie goed afgeloop het. Ons bid dat Dinsdag se oogoperasie ook goed sal afloop.
* Ons bid saam met Nantes En Sarie Kotze en die familie vir hulle kleinseun wat deur ‘n slang gepik is. Hy is deur die eerste operasie, maar gaan nog verdere operasies ondergaan.
* Ons wens vir Matthew en Cleonè Llwellyn baie geluk met hulle huwelik verlede Saterdag. Ons bede is dat julle baie jare saam vir mekaar gespaar sal bly.
* Baie sterkte en seën aan al ons mede broers en susters wat gesondheidsprobleme ondervind. Ons bid vir julle.
* Ons is as pastoriepaar baie dankbaar vir al die goeie wense, oproepe en boodskappe wat ds Sarel ontvang het. Baie dankie vir die geskenke wat in die koeverte was en die heerlike eetgoed wat ons kon geniet. Ons waardeer dit opreg en met groot waardering. Baie dankie vir die belangstelling in ons wel en weë. Die dokter was afgelope Maandag baie tevrede met die herstel in Tialeen se sluk en sal op DV 4 April ‘n maagklep vervanging doen.
* Baie seën vir ons ouers en kinders wat op verskillende plekke aan sportbyeenkomste deelneem.

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 12 Feb 2023

**Diensbeurt: Wyk 7**
**Ouderling: Danie Combrink**

**Katkisasie: Les 4**
**Diaken: Roelof Venter**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEESKINKBEURTE




**12 Februarie 2023**
Heleen Du Plessis
Alwina Eilers
Sandra Eloff
Tilla Engelbrecht

**19 Februarie 2023**
Zelda Erasmus
Lilian Ferns
Alida Fraser
Ina Erasmus

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| (Ma) 13 Feb | 18:00 | *Kerk* | Diakensvergadering |
| (Di) 14 Feb | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| (Wo) 15 Feb | 08:00 | *Nylsvley* | Silwerdoppers |
| (Wo) 15 Feb | 19:00 | *Kerk* | Bybelstudie |




# KALENDER




## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend / Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| So 12 Feb | Salomie Smit<br>Juné Carstens | 48<br>10 | B<br>D | 082 543 1809<br>074 570 9357 |
| Ma 13 Feb | **Johanna Samuels *** | **71** | B | 082 412 8092 |
| Di 14 Feb | Jan Albertyn | 54 | B | 082 895 9150 |
| Wo 15 Feb | Albert Coetzee | 64 | B | 083 627 6821 |
| Do 16 Feb | **Dewald Hattingh *** | **77** | B | 082 460 3237 |
| Vr 17 Feb | Reinhardt Weidemann | 36 | B | 082 610 0623 |
| Sa 18 Feb | Mignon Potgieter | 18 | D | 084 505 3830 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| (Ma) 13 Feb 2016 | Reinhardt & Melanie Weidemann | 7 | 083 419 2911<br>082 610 0623 |
| (Vr) 17 Feb 2018 | Robbert & Aileen Marroitt | 5 | 083 455 0987<br>076 400 3222 |

# KOLLEKTES

**Kollektes Februarie 2023**

**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**



**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
**12 Feb Dankbaarheidsfonds**
**19 Feb Emeritaatsversorgingsfonds**
**26 Feb GKSA Sustentasiefonds**

**"n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**


# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Ek wil tot eer van die Here sing**
**so lank ek lewe,**
**ek wil die lof van my God besing**
**so lank ek daar is.**
**Mag hierdie bepeinsinge van my**
**vir Hom aanneemlik wees!**
**Ek wil my in die Here verbly.**
**Psalm 104: 33 en 34**

KOM KUIER SAAM

# PROTESTANTE JEUG

18 Februarie 2023
Klein wiltuin - buite Pietersburg



## WIE IS ONS?

Ons is Christene uit die Protestante kerke

Ons missie is om die senior jeug in Pietersburg bymekaar te kry en saam ons jeug te geniet

Almal van 18 tot 35 jaar is welkom, getroud of nie getroud, bring selfs vriend of vriendin saam

## WAT GAAN ONS DOEN?

Ons begin met 'n kenmekaar. Ons gaan in die klein wildtuin stap dan daarna om 'n kampvuur sit en kuier

Ons stig 'n whatsapp groep vir verdere reëlings, so kom gerus saam en laat weet as jy wil saam kuier

Vriendelike groete aan al ons broers en susters in die geloof in Jesus Christus

## KONTAK GERUS

Roelof Venter 071 149 5967

## BASUIN PLASINGS

Lidmate wat sou belang stel om perd te ry of wat wil leer om perd te ry kan gerus vir Rioni Combrink skakel op 082 804 7041, vir verdere inligting.






# Susterssaamtrek 2023

**LAASTE KANS !!**
**BESPREEK NOU !!**

Die susters van die
**Gereformeerde Kerk Pietersburg**
nooi u hartlik uit na
die jaarlikse

## Sustersaamtrek 2023

te Polokwane

### "Om weer op te staan"

**SPREKER:** Dr Gustav Gous

**DATUM:** Saterdag – 11 Maart 2023

**REGISTRASIE:** 8:00 – 8:50

**PLEK:** Bolivia Lodge
Northview Estate – Libertystraat 15 – Northview – Polokwane


**KOSTE:** R150 p.p.

**RSVP: Voor of op Maandag, 13 Februarie 2023**
Geld betaalbaar voor of op Woensdag, 1 Maart 2023

**NAVRAE:** Sr. Nelie Badenhorst
074 663 5377

*Bring asseblief kontant saam vir die jaarlikse kollekte wat opgeneem sal word vir die Vroueblad, Instituut vir Christelike Onderwys (ICO) en Bybelverspreiding.*

## SUSTERSSAAMTREK VOORBEREIDING



**Saterdag 18 Februarie 2023 is om die draai.** Susters ons het nog hande nodig en broers ons kom kuier saam vanaf 12:00 om 'n braaivleis vuur, terwyl die susters besig is met die voorbereiding. **Susters wat nog die saamtrek wil bywoon MOET hulle name NOU op die lys plaas agter in die portaal en hulle R150 inbetaal by Nelie of Marina**, ons moet Maandag die getralle bevestig. **Baie dankie aan almal wat die saamtrek gaan bywoon en almal wat kom help met die voorbereiding.**

## OMGEE KLANKBORD : TIENERS & OUERS



Soms het jy 'n oor nodig van iemand wat luister en bietjie meer opgelei is om saam met jou moeilike uitdagings te bespreek. Dalk is jy 'n tiener wat graag met 'n tannie wil gesels oor goed wat jou pla.

As jy 'n behoefte het om met iemand te gesels of bemoediging nodig het is jy welkom om vir Marlene Hoogendyk te skakel of te WhatsApp by 083 648 5397. Sy is 'n lid van ons gemeente en berader.

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



**Laat ons Sout & Lig in hierdie wêreld wees**

**Ps 23 gee groot geleentheid om op 'n eenvoudige manier van die soekend mens na God te Lei.**

**Geloof:** **Die Here is my herder (iemand wat twyfel lei hom na die Here)**

**Sekerheid:** **Niks sal my ontbreek nie (waar word sekerheid gesoek)**



## Ps 23

**Tevredenheid:** **Hy laat my neerlê in groen weivelde**

**Rus en Vrede:** **Na waters waar rus is, lei Hy my heen**

**(iemand wat heeltyd jaag en soek na meer)**

## EVANGELISASIE (VERVOLG)



# Praat saam....

**Kom ons word ‘n biddende gemeente, wie vir mekaar en ander bid.**

- **Maak ‘n gewoonte om vir spesifieke mense te bid, jy kan selfs ‘n leisie maak van persone en hul nood.**





# Praat saam....



**1Joh 5:14**
**En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigeiets volgends Sy wil vra.**

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>**Webwerf**<br>www.gereformeerd.co.za | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens |
| | **Bankbesonderhede**<br>Kerkkas | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651 | Diakonie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | Koningskinders | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581 | Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| Marisa Linde<br>083 408 2100 | Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

**Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.**

***Jesus antwoord: "Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie uit water én Gees gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie binnegaan nie.***

***Johannes 3: 5***

***(2020 vertaling)***



**ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS**